And I am biased, obviously and enormously: I'm an author, often an author of fiction. I write for children and for adults. For about 30 years I have been earning my living through my words, mostly by making things up and writing them down. It is obviously in my interest for

people to read, to read fiction, for libraries and librarians to exist and help foster a love of reading and places in which reading can occur.

So I'm biased as a writer. But I am much, much more biased as a reader. And I am even more biased as a British citizen.

I'm giving this talk under the auspices of the Reading Agency,

a charity whose mission is to give everyone an equal chance in life by helping people to become confident and enthusiastic readers, that supports literacy programmes, libraries and individuals and nakedly encourages the act of reading. Because, they tell us, everything changes when we read.

And it's that change, and that act of reading that I'm here to talk about. I want to talk about what reading does. What it's good for.

Once in New York I listened to a talk about the building of private prisons — a huge growth industry in America. The prison industry needs to plan its future growth; how many cells are they going to need? How many prisoners are there going to be, 15 years from now? And they found they could predict it very easily, using a pretty simple algorithm, based on asking what percentage of 10- and 11-year-olds couldn't read. And certainly couldn't read for pleasure.

It's not one to one: you can't say that a literate society has no criminality. But there are very real correlations.

And I think some of those correlations, the simplest, come from something very simple. Literate people read fiction.

Fiction

Fiction has two uses. Firstly, it's a gateway drug to reading. The drive to know what happens next, to want to turn the page, the need to keep going, even if it's hard, because someone's in trouble and you have to know how it's all going to end — that is a very real drive. And it forces you to learn new words, to think new thoughts, to keep going. To discover that reading per se is pleasurable. Once you learn that, you're on the road to reading everything. And reading is key. There were noises made briefly, a few years ago, about the idea that we were living in a post-literate world, in which the ability to make sense out of written words was somehow redundant, but those days are gone: words are more important than they ever were: we navigate the world with words, and as the world slips onto the



Neil Gaiman

web, we need to follow, to communicate and to comprehend what we are reading. People who cannot understand each other cannot exchange ideas, cannot communicate, and translation programmes only go so far.

The simplest way to make sure that we raise literate children is to teach them to read, and to show them that reading is a pleasurable activity. And that means, at its simplest, finding books that they enjoy, giving them access to those books, and letting them read them.

I don't think there is such a thing as a bad book for children. Every now and again it becomes fashionable among some adults to point at a subset of children's books, a genre perhaps, or an author, and to declare them bad books, books that children should be stopped from reading. I've seen it happen over and over. Enid Blyton was declared a bad author, so was RL Stine, so were dozens of others. Comics have been decried as fostering illiteracy.

There is no such thing as a bad writer ... Enid Blyton's *Famous Five*.

It's tosh. It's snobbery and it's foolishness. There are no bad authors for children, because every child is different. They can find the stories they need to, and they bring themselves to stories.

A hackneyed, worn-out idea isn't hackneyed and worn out to them. This is the first time the child has encountered it. Do not discourage children from reading because you feel they are reading the wrong thing. Fiction you don't like is a route to other books you may prefer. And not everyone has the same taste as you.

Well-meaning adults can easily destroy a child's love of reading: stop them from reading what they enjoy, or give them worthy-but-dull books that they like, the 21st-century equivalents of Victorian 'improving' literature. You'll wind up with a generation convinced that reading is uncool and worse, unpleasant.

We need our children to get onto the reading ladder: anything that they enjoy reading will move them up, rung by rung, into literacy. (Also, do not do what this author did when his 11-year-old daughter was into RL Stine, which was to go and get a copy of Stephen King's *Carrie*, saying, if you liked those you'll love this! Holly read nothing but safe stories of settlers on prairies for the rest of her teenage years, and still glares at me when Stephen King's name is mentioned.)

And the second thing fiction does, is to build empathy. When you watch television or watch a film, you are looking at things happening to other people. Prose fiction is something you build up from 26 letters and a handful of punctuation marks, and you, and you alone, using your imagination, create a world and people in it and look through other eyes. You get to feel things, visit places and worlds you would never otherwise know. You learn that everyone else out there is a me, as well. You're being someone else, and when you return to your own world, you're going to be slightly changed. Empathy is a tool for building

people into groups, for allowing us to function as more than self-obsessed individuals.

You're also finding out something as you read that is vitally important for making your way in the world. And it's this: The world doesn't have to be like this. Things can be different.

I was in China in 2007, at the first party-approved science fiction and fantasy convention in Chinese history. At one point I took a top official aside and asked him why science fiction (SF) had been disapproved of for a long time. What had changed?

It's simple, he told me. The Chinese were brilliant at making things if other people brought them the plans. But they did not innovate and they did not invent. They did not imagine. So they sent a delegation to the United States to Apple, Microsoft, and Google, and they asked the people there who were involved in inventing the future about themselves. And they found that all of them had read science fiction when they were boys or girls.

Fiction can show you a different world. It can take you somewhere you've never been. Once you've visited other worlds, like those who ate fairy fruit, you can never be entirely content with the world that you grew up in. Discontent is a good thing: discontented people can modify and improve their worlds, leave them better, leave them different.

And while we're on the subject, I'd like to say a few words about escapism. I hear the term (escapism) bandied about as if it's a bad thing. As if escapist fiction is a cheap opiate used by the muddled and the foolish and the deluded, and the only fiction that is worthy, for adults or for children, is mimetic fiction,

mirroring the worst of the world the reader finds her/himself in.

If you were trapped in an impossible situation, in an unpleasant place, with people who meant you ill, and someone offered you a temporary escape, why wouldn't you take it? And escapist fiction is just that: fiction that opens a door, shows the sunlight outside, gives you a place to go where you are in control, are with people you want to be with (and books are real places, make no mistake about that); and more importantly, during your escape, books can also give you knowledge about the world and your predicament, give you weapons, give you armour: real things you can take back into your prison. Skills and knowledge and tools you can use to escape for real. As JRR Tolkien reminded us, the only people who inveigh against escape are jailers.

Libraries

Another way to destroy a child's love of reading, of course, is to make sure there are no books of any kind around. And to give them nowhere to read those books. I was lucky. Growing up I had access to an excellent local library. I had the kind of parents who could be persuaded to drop me off at the library on their way to work in summer holidays, and the kind of librarians who did not mind a small, unaccompanied boy heading back into the children's library every morning and working his way through

There are no bad authors for children, because every child is different. There is no such thing as a bad writer. It's tosh. It's snobbery and it's foolishness

the card catalogue, looking for books with ghosts or magic or rockets in them, looking for vampires or detectives or witches or wonders. And when I had finished reading the books in the children's library I began on the adult books.

They were good librarians. They liked books and they liked the books being read. They taught me how to order books from other libraries on the inter-library loan system. There was no snobbery about anything I read. They just seemed to like that there was this wide-eyed little boy who loved to read. They would talk to me about the books I was reading, they would find me other books in a series, they would help. They treated me as another reader — nothing less or more — which meant they treated me with respect. I was not used to being treated with respect as an eight-year-old.

of human history, we have lived in a time of information scarcity, and having the needed information was always important, and always worth something: when to plant crops, where to find things, maps, histories and stories — it was always good for a meal and company. Information was a valuable thing, and those who had it or could obtain it, could charge for that service.

In the last few years, we've moved from an information-scarce economy to one swamped by an information glut. According to Eric Schmidt of Google, every two days now the human race creates as much information as we did from the dawn of civilisation until 2003. That's about five exobytes of data a day, for those of you keeping score. The challenge becomes not finding that scarce plant growing in the desert, but finding a specific plant growing in a jungle. We are going to need help



Libraries are about freedom. Freedom to read, freedom of ideas, freedom of communication. They are about education (which is not a process that finishes the day we leave school or university), about entertainment, about being safe spaces, and about access to information.

I worry that in the 21st century people misunderstand what libraries and their purpose are. If you perceive a library as a shelf of books, it may seem antiquated or outdated in a world in which most, but not all, books in print exist digitally. But that is to miss the point fundamentally.

I think it has to do with the nature of information. Information has value, and the right information has enormous value. For all

navigating that information to find the thing we actually need.

Libraries are places that people go to for information. Books are only the tip of the information iceberg: they are there, and libraries can provide you freely and legally with books. More children are borrowing books from libraries than ever before — books of all kinds: paper and digital and audio. But libraries are also, for example, places that people, who may not have computers or who may not have Internet connections, can go online without paying anything: hugely important when the way you find out about jobs, apply for jobs or apply for benefits is increasingly migrating exclusively online. Librarians can help these people navigate that world.

I do not believe that all books will or should migrate onto screens: as Douglas Adams once pointed out to me (more than 20 years before the Kindle turned up) a physical book is like a shark. Sharks are old: there were sharks in the ocean before the dinosaurs. And the reason there are still sharks around is that sharks are better at being sharks than anything else. Physical books are tough, hard to destroy, bath-resistant, solar-operated, feel good in your hand: they are good at being books, and there will always be a place for them. They belong in libraries, just as libraries have already become places you can go to for access to e-books, audiobooks, DVDs and web content.

A library is a repository of information and gives every citizen equal access to it. That includes health information. And mental health information. It's a community space. It's a place of safety, a haven from the world. It's a place with librarians in it. What the libraries of the future will be like is something we should be imagining now.

Literacy

In this world of text and email, a world of written information, literacy is more important than it ever was. We need to read and write, we need global citizens who can read comfortably,

comprehend what they are reading, understand nuance, and make themselves understood.

Libraries really are the gates to the future. So it is unfortunate that around the world, we observe local authorities seizing the opportunity to close libraries as an easy way to save money, without realising that they are stealing from the future to pay for today. They are closing the gates that should be open.

According to a recent study by the Organisation for Economic Cooperation and Development, England is the 'only country where the oldest age group has higher proficiency in both literacy and numeracy than the youngest group, after other factors such as gender, socio-economic backgrounds and type of occupations are taken into account'.

Or, to put it another way, our children and our grandchildren are less literate and less numerate than we are. They are less able to navigate the world, to understand it and to solve problems. They can be more easily lied to and misled, will be less able to change the world in which they find themselves, be less employable. All of these things. And as a country, England will fall behind other developed nations because it will lack a skilled workforce.

Books are the way that we communicate with the dead. The way that we learn lessons from those who are no longer with us,

... around the world, we observe local authorities seizing the opportunity to close libraries as an easy way to save money, without realising that they are stealing from the future to pay for today



that humanity has built on itself, progressed, made knowledge incremental rather than something that has to be relearned, over and over. There are tales that are older than most countries, tales that have long outlasted the cultures and the buildings in which they were first told.

I think we have responsibilities to the future. Responsibilities and obligations to children, to the adults those children will become, to the world they will find themselves inhabiting. All of us — as readers, as writers, as citizens — have obligations. I thought I'd try and spell out some of these obligations here.

I believe we have an obligation to read for pleasure, in private and in public places. If we read for pleasure, then we learn, we exercise our imaginations. If others see us reading, we show that reading is a good thing.

We have an obligation to support libraries. To use libraries, to encourage others to use libraries, to protest the closure of libraries. If you do not value libraries then you do not value information or culture or wisdom. You are silencing the voices of the past and you are damaging the future.

We have an obligation to read aloud to our children. To read things to them they enjoy. To read to them stories we are already tired of. To do the voices, to make it interesting, and not to stop reading to them just because they learn to read to themselves. Use reading-aloud time as bonding time, as a time when no phones are being checked, when the distractions of the world are put aside.

We have an obligation to use the language. To push ourselves: to find out what words mean and how to deploy them, to communicate clearly, to say what we mean. We must not attempt to freeze language, or pretend it is a dead thing that must be revered, but we should use it as a living thing, that flows, that borrows words, that allows meanings and pronunciations to change with time.

We writers — and especially writers for children — have an obligation to our readers: it's the obligation to write true things, especially important when we are creating tales of people who do not exist in places that never were — to understand that truth is not in what happens but what it tells us about who we are. Fiction is the lie that tells the truth, after all. We have an obligation not to bore our readers, but to make them want and need to turn the pages. One of the best cures for a reluctant reader, after all, is a tale they cannot stop themselves from reading. And while we must tell our readers true things and give them weapons and give them armour and a pass on whatever wisdom we have gleaned from our short stay in this green world, we have an obligation not to preach, not to lecture, not to force pre-digested morals and messages down our readers' throats like adult birds feeding their babies pre-masticated maggots; and we have an obligation never, ever, under any circumstances, to write anything for children that we would not want to read ourselves.

We have an obligation to understand and to acknowledge that

as writers for children we are doing important work, because if we mess it up and write dull books that turn children away from reading and from books, we've lessened our own future and diminished theirs.

We all — adults and children, writers and readers — have an obligation to daydream. We have an obligation to imagine. It is easy to pretend that nobody can change anything; that we are in a world in which society is huge and the individual is less than nothing: an atom in a wall, a grain of rice in a rice field. But the truth is, individuals change their world over and over, individuals make the future, and they do it by imagining that things can be different.

Look around you: I mean it. Pause, for a moment and look around the room that you are in. I'm going to point out something so obvious that it tends to be forgotten. It's this: that everything you can see, including the walls, was, at some point, imagined. Someone decided it was easier to sit on a chair than on the ground and imagined the chair. Someone had to imagine a way that I could talk to you in London right now without us all

getting rained on. This room and the things in it, and all the other things in this building, this city, exist because, over and over and over, people imagined things.

We have an obligation to make things beautiful. Not to leave the world uglier than we found it, not to empty the oceans, not to leave our

problems for the next generation. We have an obligation to clean up after ourselves, and not leave our children with a world we've short-sightedly messed up, short-changed, and crippled.

We have an obligation to tell our politicians what we want, to vote against politicians of whatever party who do not understand the value of reading in creating worthwhile citizens, who do not want to act to preserve and protect knowledge and encourage literacy. This is not a matter of party politics. This is a matter of common humanity.

Albert Einstein was once asked how we could make our children intelligent. His reply was both simple and wise. 'If you want your children to be intelligent,' he said, 'read them fairy tales. If you want them to be more intelligent, read them more fairy tales.' He understood the value of reading, and of imagining. I hope we can give our children a world in which they will read, and be read to, and imagine, and understand.

This article is an edited version of Neil Gaiman's lecture for the Reading Agency, delivered at the Barbican in London. The Reading Agency's annual lecture series was initiated in 2012 as a platform for leading writers and thinkers to share original and challenging ideas about reading and libraries.

Neil Gaiman is an author of short fiction, novels, comic books and graphic novels

If you do not value libraries then
you do not value information
or culture or wisdom. You are
silencing the voices of the past
and damaging the future



Uit die joernalistiek gebore: 'n skrywer vir méér as vermaak

'n Onderhoud van 30 minute word 90 minute deur Francois Verster

Met die vertaling van haar eerste boek, **Plaasmoord**, op hande, is ek gevra of ek 'n onderhoud met Karin Brynard sal doen. Iemand anders sal die Engelse weergawe resenseer. Ek moes dus opskud. Wel, na 'n paar e-posse en 'n telefoongesprek is ek op 'n reënerige Donderdagoggend na Mostertsdrif, naby die Eersterivier, waar hierdie bekroonde skrywer woon.

'n Mens leef mos maar saam met jou voorveronderstellings en halfgebakte menings, en siende dat ek reeds twee maal praatjies bygewoon het waar Karin opgetree het (Philadelphia Boekbasaar en Stellenbosch Woordfees), het ek gedink ek weet wat om te verwag. Inteendeel, Karin Brynard is veel méér as die persoon op die verhoog — hartliker, intelligenter, welbelese, met 'n uitstekende humorsin — nie dat haar openbare beeld onaantreklik is nie; dis net dat daar 'n afstand is tussen die persoon en die gehoor wanneer skrywers by sulke geleenthede optree. Vir die skrywer voel dit dalk nie so nie, maar uit die gehoor tog wel. Tweedens is dit my ervaring dat 'n mens gewoonlik teleurgestel word wanneer jy jou helde en heldinne ontmoet — die perfekte karikatuur word die kleivoet-karakter. Maar nie altyd nie. Karin Brynard is 'n fees op haar eie.

Lesers van haar twee fiksieboeke tot dusver, **Plaasmoord** (2009) en **Onse vaders** (2012) sal beïndruk wees met haar deeglike navorsing om só milieu in leefwêreld, eerder as agtergrond te omskep. Hierdie noukeurigheid kom van haar opleiding as joernalis, en nie net as rubriekskrywer nie, maar as ondersoekende verslaggewer, dikwels in gevaarlike gebiede soos die townships gedurende die Struggle. Karin het ervaring van misdaad, gevaar, ongure karakters en bowenal van die lewe — 'n skrywer moet eers geleef het voordat sy met gesag en oortuiging kan skryf. Dis hoekom Karin se werk byval vind: sy is gebrei as aanskouer, beskrywer en bedinker van wat mense (aan mekaar) doen, het geleer hoe om die essensie van 'n saak raak te vat en om bondig te kan skryf — die heilige graal van alle skrywers. Misdaadverslaggewers en misdaadromanskrywers het immers in gemeen dat hulle 'op die punt af' moet skryf. Op my vraag of sy probeer om elke toneel op 'n mespunt te laat eindig, sê sy dat sy probeer, maar dis nie so maklik nie — spanningsverhale vereis egter spanning en dis 'n kernelement van haar skrywerk.

Ek het 'n klompie vrae neergeskryf, maar ons gesels 'n hond


uit 'n bos uit en die onderhoud wat 30 minute moes duur, raak 90 minute. Allerhande temas word bespreek: kreatiwiteit, politiek, joernalistiek ... Ek vra oor haar volgende boek, vir eers *Tuisland* gedoop, maar sy praat liever nie oor werk-in-wording nie, en heeltemal tereg ook. Soos die titel, kan die teks in elk geval nog baie verander. Sy sê sy het die hele manuskrip oorgeskryf, want dit het nie reg gevoel nie. Inderdaad 'n prysenswaardige uitgangspunt — ek twyfel of ek sommer weer van voor af sal kan begin, maar sy sê daar is meer druk op 'n mens nadat jy by die tweede of derde boek gekom het. Uiteraard, sy het 'n standaard gestel en elke skrywer is so goed soos haar laaste boek, lui die gesegde — so dit moet goed wees, en beter as die vorige, wat pryse gewen het!

Ek vra of sy ander genres oorweeg en sy sê nee, hoewel sy af en toe kortverhale skryf. Soos in die erotiese kortverhaalbundel **Bloots** (Graffiti, 2012). Iemand het haar ook gevra om 'n spookstorie te skryf, val dit haar skielik by. 'Voel jy soos 'n skrywer?' vra ek, en sy skud haar kop. 'Nee, ek is eerstens 'n joernalis — huisvrou is ek nie. Joernalistiek is die wonderlikste beroep ...' begin sy en ek vra: 'maar hoekom dan romans skryf as jy joernalistiek moes los daarvoor?' Nee, sy skryf nog vryskut-artikels. Ek vra weer: 'Hoe het dit gekom dat jy relatief laat in jou lewe romans begin skryf het?' En toe vertel sy dat sy 'n onderhoud met Deon Meyer gedoen het en hy haar gevra het hoekom sy nie misdaadfiksie skryf nie. Sy het geantwoord dat sy wel af en toe aan ietsie peusel, maar nie dink dat dit 'n boek sal word nie. Kort daarna bel iemand van NB-Uitgewers en vra dat sy die manuskrip aanstuur. Voilà, Karin Brynard die skrywer is gebore! Altans nie so maklik nie; skryf is nie 'n gooi-net-water-by-aktiwiteit nie, dis wroeg en skaaf en timmer. Maar, dit was die begin.

Die gesprek kronkel na motivering om oor misdaad te skryf — sy sê uitgewers soek nou Afrikaanse 'krimmies', so die tyd(gees) is ook gunstig vir haar. Iets wat haar aangaande die berugte Lotz-moord getref het was die vraag oor mans se rol in die moderne samelewing: is mans nog in staat om beskermer en rolmodel vir beide seuns en dogters te wees? Kinders leer nie soseer wat ouers hulle meedeel nie, maar eerder deur dade. Mans behandel hulle vroue soos hulle pa's hul ma's behandel het en vroue, glo sy, ontwikkel nie seksueel 'gesond' as hulle



Plaasmoord (2009)



Onse Vaders (2012)



Karin Brynard in haar kantoor

nie 'n goeie vaderlike rolmodel gehad het nie. Die Derde Golf van Feminisme handel juis oor hoe seuns grootgemaak moet word wat geen vader ken nie. Soveel gesinne is vaderloos en dit dra by tot die hoë voorkoms van geweld in die samelewing; nie net politiek-geïnspireerde frustrasies nie. Van die patriargale gesinne waar die NG Kerk-model in beheer was, na 'n volslae leemte — hierdie oorgang van een uiterste na die ander is duidelik katastrofaal.

Terwyleknahaarluisterdink ek: 'Sydinkdiepoordiedingewaaroor sy skryf. Dis nie sommer blote vakansievermaak wat sy opdis nie, al benadruk sy die vermaaklikheidswaarde van romans. Die dieper essensie van menswees moet ontbloot word om lesers aan te gryp en om nie net formulewerk soos Wilbur Smith of Danielle Steele uit te wys nie.' Elke mens het 'n storie, sê Karin, en ek glo haar. Ek kan sien sy luister na wat 'n mens sê. Sy wil jou storie hoor.

'En wat dink jy van literêre pryse?' vra ek. 'Totale stomme verbasing,' antwoord sy. 'Erkenning is nodig, maar dis tog nie net vir een boek nie, dis ook vir 'n hele oeuvre, 'n genre en 'n taal.' Daarmee bedoel sy dat die sukses van een Afrikaanse misdaadromanskrywer ook goed is vir alle misdaadromanskrywers en as dit ook nog in 'n spesifieke taal is, baat dit almal wat by daardie taal betrokke is. Wanneer die buitewêreld kennis neem van ons Deon Meyers, Karin Brynards en Chris Karstens en vir vertalings vra, is dit 'n groot sprong vorentoe. Ook biblioteke wen — 'n invloei van Afrikaanse 'krimmies' sal ekstra lesers lok, en só sypel die voordele deur na voetsoolvlak — na die beginnerlesers, wat tog nie by hogere literatuur kan begin nie (ek ril as ek aan sekere voorgeskrewe boeke uit my skooldae dink).

'Hoe werk hierdie vertaalbesigheid?' wil ek weet en sy sê *Plaasmoord* is vertaal as *Weeping waters* (uitgegee deur Penguin SA, vertaal deur Maya Fowler en Isobel Dixon) en nou wag die Franse om die Engelse weergawe in Frans te vertaal. In Nederlands heet die boek *Moord op Huilwater*. Oorsese uitgewers verkies dat 'n boek na Engels vertaal word en vertaal dit dan na ander tale. 'n Mens hoop maar die *lost in translation*-aspek tree nie in werking nie,' sê ek en sy stem saam: sommige woorde, soos 'mos', is in al sy vorme moeilik vertaalbaar. Elke

taal het sekerlik sulke woorde ...

Die gesprek kring weer weg na joernalistiek. Joernalistiek se 'hou by die feite'-strategie beteken dat joernaliste op vaster grond staan as fiksieskrywers, voel Karin. 'n Fiksieskrywer se persoonlikheid word dus meer blootgestel, en die afstand tussen jou en jou lesers verklein sodoende, anders as tussen joernalis en leser. Ek vra of Suid-Afrikaanse misdaadfiksieskrywers nie eerder skryf oor hoe die land behoort te wees as oor hoe die land wel is nie? 'Dis die skrywer se werk om te vermaak,' sê sy. 'Jou karakters weerspieël die goeie én slegte — in onder meer die polisiediens. Die skrywer bied ontvlugting aan die leser, nie noodwendig realisme nie.'

'Het jou ingesteldheid verander sedert *Plaasmoord*?' wil ek weet. Sy knik. 'Ja, ek het agtergekom dis veel harder werk om te skryf! Daardie eerste boek het oor sewe jaar ontwikkel.' Nou is dit Karin Brynard se werk, en met die vertalings moet sy ook help, sodat dit nimmereindigend voel. Maar dit verskaf ook genoegdoening, juis omdat dit sulke harde werk is.

Dit raak looptyd. Karin moet daai spookstorie skryf, en ek vra ter afsluiting: 'Hoe was jou kinderdae? Was jy die tipiese alleenkind wat vir haarself stories opgemaak het?' Karin lyk verras, want sy het nie so daaraan gedink nie, maar skrywers was dikwels sulke kinders. Sy het drie sibbe gehad, maar het dikwels alleen in die veld rondgeloop. Tydens sulke wandelings was sy dan die heldin in haar eie 'radiodramas'.

En nou dink sy oor rolmodelle, en skryf oor haar helde. Afrikaanse lesers kla beslis nie. Binnekort ook nie mense van oor die wêreld heen nie.

Titels in voorraad

Plaasmoord.- Human, 2009.

Onse vaders.- Human, 2012.

Weeping waters.- Penguin, 2014.

Dr Francois Verster is 'n argivaris en 'n skrywer



Twee onblusbare geeste

In gesprek met Gawie en Gwen Fagan deur Francois Verster

Die Stellenbosch Woordfees van 2015 is al geskiedenis, en my persoonlike belewenis was weereens aangenaam. Hierdie keer het ek die voorreg gehad om saam met uiteenlopende, maar uiters interessante mense te kuier — Prof Hermann Giliomee, Dana Snyman, Frank Opperman, Gert Vlok Nel — elkeen 'n belangrike bydraer op sy eie gebied; almal mense wat ons kultuurlewe verryk. En op 'n meer formele vlak het ek nog twee groot geeste beleef, die fassinerendste egpaar wat ek nóg ontmoet het.


By vanjaar se Woordfees is hulde gebring aan die bekende 'span', Gawie en Gwen Fagan — in Engels is hulle ook al genoem 'Team Fagan'. Met goeie rede ook, want hulle is reeds 65 jaar getroud en werk steeds elke dag in hulle argitek-studio in Breëstraat 156, Kaapstad — die Kaapstad-praktyk wat hulle al in 1963 begin het. En dan sal hulle sowaar na 'n harde werksdag steeds bereid wees om, gratis, na 'n plek soos Welgemeend in die Tuine te kom en raad te gee oor restourasie van die ou woning van die ikoniese Hofmeyr-familie (Willie, Klein Jan, Onze Jan, daárdie steunpilare van die nasie), soos ek hulle onlangs ook daar as lid van die Vriende van Welgemeend en die Boerneefversameling ervaar het. Werklikwaar het hulle elke toekenning wat hulle al ontvang het, oor en oor verdien.

Ook in die staatsargief; eers in Koningin Victoriastraat en daarna in Roelandstraat, en ook by verenigings en boekbekendstellings het ek hulle baie gesien, en oor die jare baie nuuskierig geword oor wie hulle werklik is — want spoggerig en spraaksam is hulle níé. Inteendeel.

Toe ek dus op die Woordfeesprogram sien hulle gaan in Erfurthuis oor hulle lewens en loopbane (uiteraard saam) gesels, was dit die eerste kaartjie wat ek gekoop het.

Sedert hulle in 1969 begin het om geboue wat beskadig was in die aardbewing op Tulbagh te restoureer, is Gabriël Theron Fagan (gebore 1925) en Gwendoline Elizabeth Gannon (gebore 1924) lewende legendes in die bewaringsbedryf. Dáár het hulle alreeds genoeg gedoen om in ons erfenis-annale verewig te word, maar dit was maar die begin van 'n baie lang en kronkelende pad vir hulle.

Hulle is al vir 32 jaar betrokke by die Kasteel in Kaapstad, aanvanklik om dit te restoureer. Volgens Gawie het hulle skaars



Gwen en Gawie Fagan

daarmee klaargekry, toe moes daar weer met herstelwerk aan dié oudste gebou in Suid-Afrika begin word, waarmee hulle steeds besig is. Hulle werk aan die Kasteel het hulle aan erfeniswerk blootgestel en dis ook hoekom Gwen opgehou werk het as mediese dokter, om Gawie met hierdie soort werk by te staan: hy ontwerp en vervaardig, sy samel inligting in, hou rekord; is as't ware sy hoeksteen. Vóór dit het Gawie 12 jaar vir Volkskas gewerk en in dié tydperk 50 nuwe bankgeboue ontwerp.

Gwen het die gehoor in Erfurthuis getrakteer met 'n fassinerende Powerpoint-vertoning; sy het vertel en gewys — pragtige ou wit-en-swart foto's — en Gawie het hier en daar 'n

voetnoot verskaf — hoe hulle ontmoet het, hoe hulle geleef het, die uitdagings wat hulle beleef het, die projekte wat deurgevoer is — verstommend. Vrye geeste wat hulle is, besluit hulle, byvoorbeeld, om nie hul kinders in die stad groot te maak nie, koop 'n stukkie grond met hul karige fondse, begin koeie aanhou om geld te maak, plant en oes selfs die koeie se voer — Gwen ry terstond trekker; niks is te veel vir haar nie. Oral waar sy gaan neem sy haar kinders saam — daar was uiteindelik vier — en Gawie besef die rondreisery wat sy werk by die bank vereis, raak te veel. Hy koop 'n vliegtuig en vlieg eenvoudig werk toe! Elke uitdaging word uiteindelik 'n projek en 'n triomf, terwyl rekord gehou word en boeke daarvoor gepubliseer is — soos Gwen se roostuin wat aanvanklik 'n mislukte projek was (nie haar skuld nie), maar uiteindelik uitgeloop het in 'n boek oor rose en 'n doktorsgraad in tuinontwerp.

oer-voorgeslagte dit gedoen het, kan jy die Fagans slegs beny. Dog, dit wat hulle bereik het — die vererings wat hulle al ontvang het, is talryk — was die resultaat van 'n kombinasie van harde werk, deurstellingsvermoë, vindingrykheid, selfgeloof en kreatiwiteit wat jy selde in een leeftyd raakloop. Voeg daarby onopgesmuktheid, nederigheid en altruïsme en jy beskryf 'Span Fagan' in 'n neutedop.

Vandag werk hierdie twee onblusbare steeds volle werksure en doen sommige projekte saam met hul seun Henry, 'n strukturele ingenieur. Hulle erken dat hulle soms 'baklei', maar dat hulle al vir nagenoeg 70 jaar saamwerk, wat dui op wedersydse respek en 'n vermoë om geskille te besleg. Hulle sê hulle sal dit oorweeg om af te tree as hulle 100 is. Twee sulke intelligente en kreatiewe mense bymekaar — dit wil gedoen wees!

Hoewel 'n formidabele span, is Gawie en Gwen elkeen kenners in hul eie areas. Gwen spesialiseer in interieurs en in tuinbou,

en Gawie doen die res — die strukture self, waar hy teorie en skeppendheid aan die een kant en praktyk en innovasie aan die ander kant soomloos byeenvoeg in 'n werkbare eenheid. Hy (en Gwen) beskou die huis wat hy reeds in 1951 vir sy ouers gebou het as sy beste werk. Hy het ook die pragtige voordeur ontwerp, nadat die tweede eienaar nie tevrede was met die een wat eers daarin was nie. Gawie sê (tong in die kies) hy kon dit verstaan, want daardie eerste deur was ál deel van die huis wat hy nie self ontwerp het nie! So klink 'n man wat vertrou het in sy eie vermoëns en wat goeie rede het daartoe. Hy vertel van 'n paar medewerkers wat hulle opgeruk en die pad gevat het, maar, soos iemand




Die vliegtuig waarmee Gawie werk toe gevlieg het

Die entoesiasme en liefde wat hulle vir hulle werk het is sekerlik aansteeklik: die tien mense wat vir hulle in Kaapstad werk, is werklik bevoorreg, terwyl hul kinders blykbaar 'dieselfde' as hul ouers is, aldus Gwen. Hulle is grootgemaak met 'n waardering vir die natuur en 'n liefde vir die kunste — wat 'n kombinasie! Vir my klink dit idillies. En as 'n mens kyk na die milieu wat hulle geskep het: die unieke huis in Kampsbaai met sy lieflike ruimtes en pragtige uitsigte, met die 'Es' (wat haard/vuurmaakplek beteken) wat so ontwerp is dat die reuse vuurherd in die huis juis die huis se middelpunt — amper sê ek 'brandpunt' — moet wees, waar gewerk en gekuier kan word, soos ons

gesê het, 'I outlived all those bastards', want hier is hy steeds; sy onblusbare self, met sy ewe ononderdrukbare vennoot-in-die-lewe aan sy sy.

Hoe dit ook al sy, ek is oortuig dat daar tussen 1951 en 2015 dosyne geboue opgerig is wat onmiskenbaar Gawie Fagan is, terwyl uitstekende restourasiewerk soos met Tuynhuis (hulle eerste groot projek), te danke is aan hierdie twee dienaars van ons erfenis. En laat ek die woord 'onbaatsugtig' dadelik byvoeg. Die terme 'vision' en 'passion' word deesdae te maklik rondgegooi. Gaan kyk na die Fagans en dan sien jy wat dit beteken.



Die Fagans tuis in hul indrukwekkende huis in Kampsbaai, Kaapstad

© Antonia Heil and Desmond Louw

Vir my was hierdie praatjie een van die hoogtepunte van 2015 se Woordfees. Al die Fagans se boeke kan via gabriel@fagan.co.za (Breestraat Publikasies) bestel word. Hulle skryf, redigeer, publiseer en bemark hulle boeke self. Uiteraard, hoe anders?

En hier sou ek die artikel kon afsluit, op 'n positiewe noot, en niemand se liddorings raaktrap nie. Maar soos Gawie teen die einde van hulle praatjie, waartydens Gwen meestal aan die woord was, en hulle kinders in die voorste ry soms voetnote en korreksies bygevoeg het, somer so uit die gehoor!, wil ek tog my nek uitsteek en sê ek voel die hele debakel oor die ou graanskuur bo in Kaapstad is nie hoe die laaste hoofstuk in die Fagan-sage behoort te eindig nie.

Soveel mense het in koerante geskryf, kenners én leke, waarvan — volgens Gawie — sommige nooit eens die moeite gedoen het om die perseel te besoek nie. Dit herinner my so aan die ministersvrou wat oor die radio teen **Sewe dae by die Silbersteins** gewaarsku het, en toe aan die programaanbieder erken het dat sy nie self die boek gelees het nie. Ek glo tog dat die Fagans nie mense is wat ongevoelig staan teenoor argitektoniese holisme of ingestel is op geldmaak ten koste van bewaring nie, dat hulle baanrekord vanself spreek en dat hulle, van alle mense, die voordeel van die twyfel verdien wanneer mense begaan is oor renovasies, aanbouings en modernisering.

Nietemin, wat my sal bybly van die werklik treffende praatjie

in Erfurthuis is die entoesiasme wat steeds by dié twee mense waarneembaar is. Nie 'n (op)gebottelde Gospel-skreeu-tipe ding nie, maar 'n eerlike en met onsig-onderskryfde waardering vir die lewe self, deur mense wat die goeie en die mooie kan identifiseer en dit aan ander uitwys, hetsy geboue, standbeelde of rose.

Nota: Gawie en Dr Gwen Fagan het ook onlangs 'n spesiale ministeriële toekening ontvang vir Lewenslange Prestasie op Erfenisgebied tydens die jaarlikse Kultuursake en Sportseremonie.

Titels in voorraad

- Church Street in the land of Waveren.- Tulbagh Restoration Committee, 1975.
- Kerkstraat in't land van Waveren.- Tulbagh Restourasiekomitee, 1974.
- Brakdak — flatroofs in the Karoo.- Breestraat, 2008.
- Brakdak — platdakke in die Karoo.- Breestraat, 2008.

Dr Francois Verster is 'n argivaris en 'n skrywer



Out and about

Routes and rambles, sights and sites, things to do and places to visit

by Sabrina Gosling

If you're wondering where to go or what to do on your next holiday or weekend away, there are a number of new books that can help you. I've collected them together with some other local travel books already in our stock to give you a variety of choice — whether you are looking for a destination holiday, a road trip, or just a day out, and whether you want something relaxing or physically challenging, cultural or sporty, arty or adventurous.

In my selection I've concentrated on books that are not in the conventional travel series, trying to bring to your attention some books that you were perhaps unaware of.

But do keep in mind that guides published by respected and reliable names in the travel business (Lonely Planet, Rough Guides, Dorling Kindersley, and so on) while aimed at the foreign tourist, can help even long-time residents and native South Africans find out new things about their city or area.

We have many books on mountain-climbing, hiking, mountain-biking trails, scuba diving and other outdoor activities; I have chosen just a few of them, concentrating on the most recent.

There should be something for everyone, but this is quite a hodge-podge of books, so I've tried to arrange them loosely in categories. At the end I've included a few books written for children.

I'll start off with some of the more general travel guides — they all have great ideas for things to do, places to visit and trips to take. Enjoy.



GENERAL GUIDES

Been there, done that: a South African checklist for the curious and the brave / Douglas Bristow.- Struik, 2011

The former *Getaway* editor has assembled a real treasure trove of ideas and information about ways to spend your leisure time and enjoy what this country has to offer, whatever your taste or interests.

Getaway's 1001 places to see before you die: places to go, things to do in Southern Africa / Marion Boddy-Evans ... [et al].- Struik, 2006.

Although this book has been around for a while, it's still a good place to get

some travel ideas.

Afrikaans title: Getaway se 1001 moet-sien plekke: plekke om na te gaan, dinge om te doen in Suider-Afrika.

Road tripping South Africa: off-the-beaten-track detours.- Map Studio, 2014.

This is a new local travel guide covering 20 road trips which avoid the main highways. These routes use back roads and detours to provide scenic interesting drives. Illustrated with colour photographs and, of course, maps, 'the book includes driving conditions, pet-friendly ratings, child-friendly ratings, low-slung vehicle-friendly ratings, don't-miss features, emergency numbers, the best time to visit these areas, top tips and padkos options, as well as day-by-

day descriptions and route maps'. Written by a number of travel writers, this guide is available in both English and Afrikaans, and should prove helpful and useful especially for people who haven't done much travelling (rather than just driving to get from A to B) around South Africa.

Afrikaans title: Padlang Suid-Afrika: Suid-Afrika se agterpaadjies.

South Africa by road: a regional guide / Pat Hopkins, Willie Olivier and Denise Slabbert; photographs by Jean du Plessis.- Struik Travel & Heritage, 2010.

Afrikaans title: Padlang deur Suid-Afrika: 'n streek-vir-streek-reisgids.

South Africa for South Africans / Marielle Renssen and Hirsh Aronowitz.- Map Studio, 2014.

Marielle Renssen has a bubbly personality, loads of enthusiasm and oodles of publishing experience. She was an editor at Struik for many years and has written a number of books herself. Here, she teams up with husband Hirsh, and the result is this very welcome new general guide to travel in South Africa. It has a good mix of information and description and covers a wide range of places to see and things to do, from energetic and adventurous to more leisurely and relaxing. 'Our aim here is to make travelling ... as interesting as possible ... to slow down your journey and have fun with the family along the way ... From hiking and mountain biking to wildlife watching, birding and beachcombing ... Quirky farm stalls, small-town museums, monuments, city walks, battlefields, cultural sites and interesting municipal parks — we've got them covered.' Perhaps the title was not such a good choice in these times of xenophobic violence but it does convey their intention of not focussing only on the major tourist attractions that are so familiar to people living here. Foreign tourists may also need more practical information of the kind found in books in travel series (*Lonely Planet*, *Rough Guides*, *Eyewitness Guides*, and the like).

Afrikaans title: Suid-Afrika vir Suid-Afrikaners.

Your bucket list: 150 must-do experiences in Southern Africa / Patrick Cruywagen.- Map Studio, 2014.

The South African author, currently the features editor of *Land Rover Monthly* in

